

**15 September**

**Psalm 39**

**(Teks: 39:8) Teleurgesteld in verwagtings?**

Vra vir die jeug wat hulle van die lewe verwag en die verwagtings sal groot wees. So hoort dit ook, want hulle is vol vuur en idealisme. Hulle is soos die oorlogsperd wat die kruitreuk kry en wat gereed staan om die stryd na die oorwinning te voer. Vra aan die oueres onder ons wat van hulle verwagtings geword het en miskien sal hulle die hoof laat sak. Wie met die harde werklikheid van die lewe kennis gemaak het, weet: Die lewe beloof so dikwels goud en skenk net so dikwels koper. Waarlik, ellendig is die mens wat alleen op die teenswoordige dinge bou. Hierdie dinge gaan verby en wat dan?

Dawid het 'n beter uitsig. Hy staan binne in die ellende. Hy het gesien dat die mens soos 'n droombeeld rondwandel terwyl sy dae maar 'n paar handbreedtes is. Hy het gesien dat die mens verniet woel en bymekaar maak. Die aardse dinge sonder meer bied alleen teleurstelling. Dan klink dit op: "My hoop is op U." 'n Suiwer klank... My hoop is op U.

Die aardse dinge vergaan, God hou stand tot in ewigheid. Hy skenk bo maat of verwagting. Hy skenk wat in die hart van geen mens opgekom het nie. Verlossing in en deur Jesus Christus! So en so alleen word die lewe sinryk.

Sing Psalm 145:9 en 11

Ds. S.P.B. Buys (Emeritus)